## DIE HERVORMDE KONFESSIES.

Van die twee groot vertakkings van die Protestantse Kerk, die Lutherse en die Hervormde, besit die laasgenoemde die grootste aantal konfessies, en wel meer as dertig in getal. Die oorsaak hiervan moet gesoek word in die feit dat die Hervormde Kerke 'n groter oppervlakte beslaan en meer nasionaliteite omvat as wat met die Lutherse Kerke die geval is. In verskillende lande soos Switserland, Frankryk, Nederland, Duitsland, Engeland en Skotland het elke Hervormde Kerk sy eie Hervormde konfessie opgestel. Maar met al hierdie verskeidenheid is daar in die wese van al hierdie verskillende konfessies net soveel ooreenstemming as tussen die Lutherse simbole onderling. Ja, tot op seker hoogte is die onderlinge verskille tussen die verskillende Hervormde konfessies minder as die tussen die Lutherse Augsburgse konfessie van 1530 en die Lutherse Formulier van Eendrag van 1577. Die Hervormde Kerke in die verskillende lande het weliswaar nooit saam een uitwendige organisasie gevorm nie, maar aan die anderkant het die verskillende organisasies nooit 'n skeidsmuur tussen die kerklike gemeenskap gevorm nie. „De oude Gereformeerden reikten elkander op den inhoud der gezamenlijke belijdenis de hand, terwijl men het gemeenskappelijk geloof uitsprak. Niet om het uitwerken van dogmatische stellingen, maar om het *credo*, de substantie der leer die men beleed, was het te doen." [1]) Mens behoef hiervoor slegs op die bekende Dordtse Sinode van 1618-1619 te wys waar afgevaardigdes van verskillende lande aanwesig was, sodat die Sinode in vele opsigte 'n internasionale karakter gedra het. Reeds in 1568 is op die Konvent van Wesel wat die eerste samekoms van Nederlands Hervormde predikante was, geen onderskeid tussen die Nederlandse en die Franse Geloofsbelydenisse gemaak nie. Op die eenheid is gelet, op die *credo*, op die „substantie der leer."

In 1581 is in Geneve 'n Harmonie van Konfessies uitgegee.[2]) Die bedoeling hiervan was om van Hervormde kant 'n eenheid te toon teenoor die Lutherse Kerk wat in 1577 die Formulier van Eendrag uitgegee het.

Die Hervormde konfessies kan in Switserse, Duitse, Franse, Nederlandse, Engelse en Skotse groepe verdeel word. Die Switserse groep bevat die konfessies wat in Zurich, Bern, Basel en Geneve ont-

[1]) Dr. J. J. van Toornenbergen: De Symbolische Schriften der Ned. Hervormde Kerk: De confessioneele praktyk in de Ned. Herv. Kerk, p. xv.

[2]) Harmonia Confessionum Fidei Orthodoxarum, et Reformata Eeclesiarum. In 1586 het hiervan 'n Engelse verklaring verskyn, herdruk in 1643 en in 1842.

staan het; die Duitse groep bevat die Tetrapolitaanse Konfessie, die Heidelbergse Kategismis, die Brandenburgse en Anhaltse konfessies en 'n paar ander. Die Franse bevat die Franse Geloofsbelydenis, die Nederlandse die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreels; die Engelse en die Skotse die Thirty-nine Articles, die Ierse Artikels die ou Skotse Konfessies en die Westminsterse Simbole.

## DIE SWITSERSE KONFESSIES.

Die Switserse Reformasie waarvan Swingli die eerste periode verteenwoordig, vertoon 'n ander tipe dan die van Duitsland. Nie alleen is die Switserse volksaard anders as die Duitse volksaard nie, maar Swingli en Luther het ook baie van mekaar verskil. Swingli was die helderste hoof en die vurigste van al Hervormers, maar hy het tog die genaliteit die diepte en die krag van Luther gemis, en ook van Calvyn, wat later sy werk voltooi het. Hy was nouliks twee maande jonger as Luther, maar het vyftien jaar voor Luther gesterf. Albei was kragtige geeste met 'n diepe vroomheid en 'n mistieke aanleg en hulle het altwee 'n sterk invloed oor ander mense gehad. Albei was groot geleerdes, groot teoloë, en liefhebbers van digkuns en musiek. Swingli was minder bevooroordeeld as Luther, meer prakties, skerper in sy onderskeiding, sober in sy oordeel, selfbeheerst, hoflik en beskaafd. Hy was net soos Calvyn na hom meer humanis as Luther. Hy het sy eie beskouings oor die sakramente gehad, oor die erfsonde en oor die saligmaking van kinders. Maar hierdie beskouings is destyds as radikaal en gevaarlik beskou.

Luther het hom geestelik nie so aan die Middeleeue ontworstel as Swingli en Calvyn nie, en daarom het hy in sommige opsigte digter aan Rome gestaan as hulle, soos veral in sy beskouing oor die Doop en die Avondmaal en in sy Christologiese opvatting uitkom. Hy was 'n produktiewe genie, met 'n poëtiese verbeeldingskrag, 'n pakkende welsprekendheid, vol vuur en hartstog; hy was 'n ryk en sterk gees maar had 'n ruwe en wilde natuur. Swingli het die Evangelie deur die lees van die Nuwe Testament leer ken, terwyl Luther deur die astetiese worsteling van die kloosterlewe gegaan het, tot hy in die leer van regverdigmaking deur die geloof alleen vrede vir sy gemoed gehad het.

Swingli het baie gouer en ook radikaler met die Roomse Kerk gebreek as Luther. Hy het op forse en kragtige wyse alle leringe en gebruike afgeskaf wat nie in die Skrif gevind word nie, terwyl Luther behoudender was om die dinge wat in die Skrif nie verbied word nie, nie los te laat nie. Swingli was 'n Switser en 'n republikein en die hele Switserse Reformasie, ook daar waar dit in lande buitekant Switserland voortgeplant is, tot in Suid-Afrika toe, word dan ook deur sy kerklike demokratiese karakter gekenmerk. Luther aan die ander kant

weer was 'n Duitser en 'n monargis, en die Lutherse Reformasie was dan ook kerklik monargaal en anti-demokraties.

Luther en Swingli het mekaar maar een keer in hulle lewe ontmoet. Dit was in 1529 te Marburg, toe hulle op aandrang van Philips van Hesse oor die verskil in verband met die Avondmaal gehandel het om sodoende 'n oplossing te probeer vind. Swingli het met trane in die oë vir vrede en vereniging gepleit, nieteenstaande Luther hom vanweë die onderhawige punt van verskil die broederhand geweier het en hom toegevoeg het *Jhr habt einen andern Geist.*

Die dogmatiese hoofwerke van Swingli wat ook die betekenis van konfessies het, is die Sewe-en-sestig Artikels van Zurich (1523) en die Tien Theses van Bern (1528). Ook kan in die tweede plek die konfessie wat in 1530 aan keiser Karel die Vyfde oorhandig is, genoem word, asook sy Verklaring van die Christelike Geloof in 1531 aan koning Frans die Eerste van Frankryk.[3])

*Die Sewe-en-sestig Artikels van Zurich,* 1523.

Hierdie artikels is vir 'n disputasie opgestel wat Swingli op 29 Januarie 1523 te Zurich in teenwoordigheid van die burgerlike owerheid en nog ongeveer seshonderd ander persone met dr. Faber die verteenwoordiger van die biskop van Constance, gehou het. Swingli het die Hervormde leerstellige beginsels in hierdie disputasie so voortreflik verdedig, dat die owerheid nog op dieselfde dag besluit het dat in hierdie Kanton alleen dat wat met die Evangelie in ooreenstemming is, gepreek mag word.

Die Sewe-en-dertig Artikels is een groot Christus-prediking. Swingli wil hierin niks anders weet nie behalwe Jesus Christus, en Hom as gekruisigde. Die eerste artikel lui: „Alger wat sê dat die Evangelie niks is sonder die goedkeuring van die Kerk nie, dwaal en laster God." In artikel 2-5 word as hoofsom van die Evangelie beklemtoon dat Jesus Christus die Seun God die ewige weg tot saligheid is. In artikel 6-14 word hierdie gedagte nader uitgewerk en wel so dat die betekenis van Christus as ewige leidsman en koning van die ganse mensheid duidelik in die lig tree. Hy is die heil en die hoof van sy liggaam, sy kerk, sy gelowiges wat sonder Hom niks kan doen nie. Hierdie Evangelie word volgens artikel 15 deur die geloof aangeneem.

Artikel 16 bevat die grondslag van wat verder volg. Dit lui: „In die Evangelie word geleer dat menslike leringe en insettings tot

---

[3]) Dr. G. Oorthuys gee in sy Kruispunten op den Weg der Kerk (1945) op bls. 7-104 'n saaklike oorsig van die teologie van Swingli. Die res van die boek handel oor „De Labadie en het Labadisme" en oor „Kohlbrugge's leer van den Ouden en den Nieuwen Mensch getoets aan Paulus". Sien verder prof. dr. P. J Muller: De Godsleer van Zwingli en Calvijn (1883).

die saligheid van geen nut is nie." In die verdere artikels 17 tot 63 word dan verskillende leringe insettings en praktyke van die Roomse Kerk getoets en 'n hervorming van die kerk in beeld gebring. In artikel 17 word dit spesiaal onder die aandag van die Pous gebring dat Christus die enigste opperpriester is, en iedereen wat homself as opperpriester opwerp die verwerp Christus. Dan word daar verder gehandel oor die paapse mis, die voorbidding van die heiliges, die goeie werke, die rykdomme en weelde van die geestelikes, die spysverbod, die feesdae en bedevaarte, die kleding en ordetekens, die ordes en partyskappe, die Christelike huwelik, die belofte van reinheid, die gebed, die ergernis of skandale, die vergiffenis van sonde, die vagevuur en die priesterskap. Die slot artikels 64-67 handel oor die afskaffing van die verskillende genoemde misbruike.

*Die Tien Theses van Bern,* 1528.

Die disputasie van Zurich was 'n oorwinning vir die Hervorming in daardie Kanton. Bern, die mees konservatiewe en aristokratiese asook die invloedrykste Kanton van Switserland, het 'n paar jaar later gevolg. Van 7 tot 26 Januarie 1528 is daar 'n samespreking. As grondslag van die besprekings het tien theses of stellings gedien wat deur Swingli vir die geleentheid hersien en uitgegee is. Omdat dit kort is gee ons dit hier volledig weer in Afrikaans: —

1. Die Heilige Christelike Kerk waarvan Christus die enigste Hoof is, is uit die Woord van God gebore en bly daarin, en luister nie na die stem van 'n vreemde nie.

2. Die Kerk van Christus maak geen wette en gebode sonder die Woord van God nie. Daarom is alle menslike oorlewerings alleen in soverre van krag as wat dit met Gods Woord ooreenkom.

3. Christus is die enigste wysheid, regverdigheid, verlossing en genoegdoening vir die sonde van die hele wêreld. Daarom is dit 'n verloëning van Christus ons 'n ander grond van saligmaking en voldoening bely.

4. Die wesenlike en liggaamlike teenwoordigheid van die liggaam en bloed van Christus by die Avondmaal kan nie uit die Heilige Skrif bewys word nie.

5. Die mis soos dit nou in gebruik is, waarin Christus aan God die Vader vir die sonde van lewendes en die dode aan God die Vader geoffer word, is strydig met die Skrif, 'n lastering teen die aller heiligste offerande, lye en dood van Christus, en deur die misbruike daarvan 'n gruwel voor God.

6. Soos Christus alleen vir ons gesterf het, so moet hy ook alleen as die enigste Middelaar en Voorspraak tussen God die Vader en die gelowiges aangeroep word.

7. Die Skrif weet niks van 'n vagevuur na hierdie lewe nie. Daarom is alle sielemisse en ander handelinge terwille van die gestorwenes, nutteloos.

8. Die beeldeverering is in stryd met die Skrif. Daarom moet die beelde verwyder word as dit vereer word.

9. Die huwelik word in die Skrif nie vir bepaalde stande verbied nie, maar vir almal veroorloof om onkuisheid te vermy.

10. Daar volgens die Skrif 'n openlike hoereerder geban moet word, volg dit dat onkuisheid en ontug vir geen stand meer te veroordele is nie as vir die priesterstand.

*Die Geloofsbelydenis aan Keiser Karel die Vyfde,* 1530.

Op 25 Junie is die Augsburgse Konfessie aan die Keiser op die ryksdag aangebied. Twee weke later is 'n belydenis oorhandig wat deur Swingli opgestel is. Maar dit is met minagting behandel en nie eers voorgelees nie, en het dus dieselfde lot ondergaan as die Tetrapolitaanse Belydenis van Bucer wat ook deur die ryksdag ter syde gelê is. Dit het dus nooit enige offisiële betekenis gehad nie, maar dit is tog van betekenis vir die kennis van die Switserse Reformatoriese gedagte.

Swingli begin hierin om sy instemming met die ortodokse leer aangaande die Drie-eenheid en die Persoon van Christus te betuig, soos vervat in die belydenisse van Nicea en Athanasius. Hy leer die verkiesing deur vrye genade, die enige en algenoegsame voldoening van Christus, die regverdiging deur die geloof, terwyl alle menslike middelaars en goeie werke verwerp word. Hy onderskei duidelik tussen die onsigbare en die sigbare kerk, en verwerp die leer van die vagevuur. Wat betref die oorspronklike sonde en die saligmaking van ongedoopte kinders, en die sakramente, staan hy verder af van die Roomse Kerk as Luther. Hy is veral uitvoerig oor die liggaamlike teenwoordigheid van Christus by die Avondmaal. Met nadruk protesteer hy daarteen om met die Anabaptiste vereenselwig te word, en verwerp hulle leer oor die doop, die burgerlike owerheid, die sieleslaap na die dood en die algemene versoening.

*Die Verklaring van die Christelike Geloof aan Frans die Eerste,* 1531.

Dit is eienaardig hoe die Switserse Hervormers 'n verwagting gekoester het van Frans die Eerste van Frankryk. In 1525 het Swingli sy kommentaar oor die ware en valse godsdiens aan hom opgedra; in Julie 1531 het hy sy verklarings van die Christelike geloof aan hom gerig, en in 1536 het Calvyn sy Institusie deur 'n uitvoerige en kragtige brief aan hom opgedra. Tog sou hulle in hom teleurgesteld raak. Waar koning Frans die Hervorming soms gunstig gesind geskyn het,

was dit enkel en alleen uit politieke oorwegings teen sy teenstander, keiser Karel die Vyfde. Ook al weer 'n bewys dat mens vir die geestelike belange nie op 'n vleeslike arm kan bou nie.

Hierdie verklaring van die Christelike Geloof aan Frans die Eerste is deur Bullinger die swanesang van Swingli genoem, waarin hy homself oortref het. Dit is 'n heldere, kragtige en moedige stuk waar 'n sterke geloof en 'n vaste hoop uitspreek. In 'n kort voorberig waarsku hy die koning om sy oor nie te leen aan die lasteringe wat teen die Protestante die wêreld ingestuur word nie. Dan handel hy oor God, uiteindelike grond van die geloof en die enige doel van godsdienstige verering. Die heiliges en die sakramente word nie geminag nie, maar teen misbruike word gewaarsku. Maria word as Maagd en Moeder Gods geëer, maar nie vereer nie. Die sakramente is tekens en simbole van heilige dinge, maar is in hulself nie heilig nie. Hy handel oor die heilige Drie-eenheid, die vleeswording van die ewige Seun van God wat genoegdoening vir die sonde gegee het. Hy gee 'n duidelike uiteensetting van die twee nature van Christus, Sy dood, opstanding, hemelvaart en wederkoms. Die leer van die vagevuur is 'n pouslike dwaling. Hy is uitvoerig oor die leer van die Sakramente, veral van die Avondmaal, en verwerp die liggaamlike alomteenwoordigheid van Christus. Verder handel hy oor die kerk, die owerheid, die vergewing van sonde, die geloof en die werke, en die ewige lewe. Hy val die Anabaptiste aan en smeek die Koning ten slotte om die Evangelie vryelik in sy ryk te laat verkondig, en wys op die vrugte van die Hervormde geloof in die lande waar dit ongehinderd verkondig word.

Dit was die laaste geskrif van Swingli. Drie maande later het hy as veldprediker sy lewe op die slagveld gelaat vir die saak wat hom heilig was, die saak van die Hervorming.

### *Die Eerste Konfessie van Basel,* 1534.

Die stad Basel het met sy universiteit los gestaan van die oorheersing van die skolastieke wysbegeerte, en die Hervormde opvattings het al spoedig ingang gevind. Die vernaamste Hervormer aldaar was Johannes Oecolampadius. Dit is gesê dat sy verhouding tot Swingli dieselfde was as die van Melanchthon tot Luther: in oorspronklikheid in onverskrokkenheid en in energie was hy sy mindere, maar in geleerdheid, beskeidenheid en sagmoedigheid van gees sy meerdere.

Basel se oorgang na die Hervorming het formeel in Februarie 1529 plaasgevind. Oecolampadius is egter reeds op 24 November 1531, dus 'n paar weke na Swingli, oorlede. Hy het in die Eerste Baselse Konfessie 'n geestes erfenis aan Basel nagelaat. In die jaar van sy oorlyde het hy die eerste ontwerp daarvan opgestel, en dit is

'n jaar later deur sy opvolger, Oswald Myconius, in die finale vorm gebring, en in 1534 is dit deur die stadsowerheid van Basel gepubliseer.

Dit is eenvoudig en gematig en gee in beknopte vorm in twaalf artikels die Evangeliese leer aangaande God, die sondeval, die goddelike voorsienigheid, die persoon van Christus, die kerk en die Sakramente, die Avondmaal, die kerklike tug, die burgerlike owerheid, die geloof en goeie werke, die laaste oordeel, die seremonies en die selibaat; en verwerp die Anabaptisme. Die konfessie eindig met hierdie merkwaardige woorde wat op treffende wyse die Hervormde opvatting van die verhouding van Skrif en belydenis weergee: „Ons onderwerp hierdie konfessie van ons aan die oordeel van die goddelike Skrifte en hou ons altoos gereed om op dankbare wyse God en sy Woord te gehoorsaam as ons uit die genoemde heilige Skrifte gekorrigeer word." Hierdie konfessie het die openbare belydensskrif van die Kerk van Basel gebly.

*Die Eerste Helvetiese Konfessie,* 1536.

Die Eerste Helvetiese Konfessie (*Confessio Helvetica Prior*) word soms ook die Tweede Baselse Konfessie (*Basileensis Posterior*) genoem. Dit is die eerste Hervormde belydenisskrif wat 'n algemene gesag gehad het. Luther het hom reeds in die eerste jare van sy optrede op 'n konsilie beroep om 'n uitspraak te gee oor sy botsing met die Pous, maar Rome het op handige wyse geslaag om die samekoms van so 'n konsilie te verhinder. Maar in 1535 het dit gelyk of die Pous nie langer dit sou kon keer nie, want ook die Keiser het daarop aangedring. Dit was dan ook met die oog hierop dat verskillende Switserse Kantons aan vyf Godgeleerdes opgedra het om vir al die Switserse Kerke 'n konfessie op te stel sodat 'n eenheidsfront getoon kon word as die konsilie werklik sou saamkom, sodat die Switserse standpunt dan duidelik weergegee kon word. Nadat dit voltooi was, is dit in 1536 deur die afgevaardigdes van die Switserse Kerke ondersoek en aanvaar en onderteken. Dit bevat agt-en-twintig artikels en wil 'n oorsig gee van die hele Christelike leer soos deur die Switserse kerke bely word.

Artikels I-V handel oor die Skrif waarin alles bevat is wat die mens tot kennis van die weg ter saligheid nodig het. Hierdie Skrif moet dan ook nie deur leringe van mense uitgelê word nie, maar moet uit homself verklaar word deur die rigsnoer van die geloof en die liefde. Die skrifverklarings van die ou kerkvaders en godgeleerdes moet alleen in soverre aanvaar word as wat hulle van hierdie rigsnoer nie afwyk nie. Alle menslike leringe en insettings, hoe oud en hoe fraai ook al, is ydel en kragteloos as dit van die ware geloof wegvoer. Die Skrif wil die mensheid laat verstaan dat God in hom 'n welbehae het deur

Jesus Christus wat deur die geloof tot ons kom en ontvang word en deur onse naaste liefde in ons gesien word. Artikel VI handel oor God, een in wese maar drievuldig in persone; Artikel VII-X oor die mens, die erfsonde, die vryewil, die ewige raadsbesluit van God om die mens te herstel; artikel XII oor die doel van die Evangelie; Artikel XIII-XIV oor die mededeling van die genade en die verdienste van Christus deur die geloof; Artikel XV-XX oor die kerk en die kerklike dienste; Artikel XXI-XXIII oor die Sakramente; Artikel XXIV oor die Christelike samekomste; Artikel XXV oor die middelmatige sake, die sogenaamde adiafora; Artikel XXVI oor die ketters en skeurmakers; Artikel XXVII oor die wêreldlike owerheid; Artikel XXVIII oor die huwelik.

### *Die Tweede Helvetiese Konfessie*, 1566.

Die opsteller van hierdie konfessie was Heinrich Bullinger[4]) die opvolger van Swingli. Hy het dit in 1562 met die doel vervaardig om by sy dood dit as 'n blywende getuienis van die geloof waarin hy geleef en gesterf het, na te laat. Toe hy in 1564 deur die pes aangetas is, het hy hierdie konfessie by sy testament gevoeg. Hy het egter herstel. Dit is toe in Maart 1566 as eenparige geloofsbelydenis van die Switserse Kerke uitgegee. Dit is na die Heidelbergse Kategismis die mees algemeen verbreide van al die Hervormde konfessies van die vasteland van Europa. Dit is nie alleen deur die Hervormde Kerke van Switserland aanvaar nie, maar ook deur die van Frankryk, Hongarye, Pole en Skotland, terwyl dit in Holland en Engeland gunstig ontvang is. Verder is dit ook in verskillende tale oorgesit soos in Duits, Frans, Nederlands, Engels, Hongaars, Pools, Italiaans, Arabies en Turks, waaruit die belangrikheid ook blyk.

Hierdie Tweede Helvetiese Konfessie is taamlik uitvoerig, dit is meer as driemaal so lank as die Nederlandse Geloofsbelydenis, en is in dertig hoofstukke verdeel. Die inhoud word hier so beknop moontlik weergegee.

HOOFSTUK I. — Die kanonieke Skrifte is die Woord van God en het in hulself genoegsame gesag en die gesag is nie van mense nie.

[4]) Sien oor hom dr. A. J. van 't Hooft: De Theologie van Heinrich Bullinger in betrekking tot de Nederlansche Reformatie (1888). Dr. Van 't Hooft toon op bls. 85-91 aan hoe die teologie van Bullinger soos ons dit in die Tweede Helvetiese Konfessie ken, op geen enkel punt afwyk van sy opvattings in sy *Huysboeck*, wat 'n versameling van vyftig preke oor die vernaamste hoofstukke van die Christelike godsdiens is, en waarvan nie minder as sewe Hollandse drukke bekend is nie. Dit was in Holland „waarlijk een volksboek" en vir die verbreiding van die verbondsleer in Nederland van groot betekenis. Dr. Van 't Hooft sê ook nog verder op bls. 126 „dat Bullinger's geschriften gedurende de tweede helfte der zestiende eeuw hier (nl. in Nederland) meer dan die van eenig ander Hervormer gelezen en op prijs gesteld zijn." Vgl. dr. G. Oorthuys en dr. P. J. Kromsigt: Grondslag en Wezen der Kerk (1933) bls. 15-21.

HOOFSTUK II. — Hierdie Skrifte mag nie volgens enige ander maatstaf uitgelê word nie. Die enige wyse om dit uit te lê is uit die Skrif self. Geen dekrete en reëls van konsilies of menslike oorlewerings mag met die Skrif op een lyn geplaas word nie.

HOOFSTUK III. — God is een in wese of natuur, bestaan in homself, is onsienlik, sonder liggaam, oneindig, die Skepper en onderhouder van die sigbare en onsigbare dinge, die hoogste goed, ens. Hy is een in wese maar drie in persoon.

HOOFSTUK IV. — Nie alleen die afgode nie maar alle beelde van God en Christus en van die heiliges word verwerp.

HOOFSTUK V. — God alleen mag vereer en gedien word. Hy word in gees en waarheid gedien deur onse enigste Middelaar en Voorspraak, Jesus Christus.

HOOFSTUK VI. — God onderhou en regeer deur sy voorsienigheid alles in hemel en op aarde.

HOOFSTUK VII. — God het alles gemaak, die sigbare en die onsigbare dinge, en onderhou dit deur Sy Gees. Die mens is geskape na sy beeld. Die engele is dienaars van God en gedienstige geeste terwille van die mense wat salig word. Sommige engele het geval en daardeur vyande van God geword. Die mens het 'n onsterflike siel en 'n sterflike liggaam. Die sieleslaap word veroordeel.

HOOFSTUK VII. — Die mens is na die beeld van God geskape, in regverdigheid en heiligheid, goed en opreg. Hy het egter geval en is daardeur aan die sonde en dood onderworpe, d.i. aan die ewige straf.

HOOFSTUK IX. — Voor die sondeval was die mens in staat om in die goeie te volhard en die versoeking te weerstaan. Na die val is sy verstand verduister en het hy 'n slaaf van die sonde geword. Maar hy het nie 'n blok en 'n stok geword nie. Hy sondig vrywilliglik. Na die wedergeboorte is die mens weer vry. Sy intellek is verlig deur die Heilige Gees en sy wil is verander. In die wedergeboorte en bekering is die mens nie bloot passief nie, maar ook aktief.

HOOFSTUK X. — God het van ewigheid deur sy genade diegene gepredestineer of vryelik verkies wat Hy wil salig maak.

HOOFSTUK XI. — Jesus Christus was van ewigheid deur die Vader voorbestem as Verlosser van die wêreld. Hy het 'n goddelike en 'n menslike natuur en is een in wese met die Vader.

HOOFSTUK XII. — Die wet is tweevoudig: die wet van die natuur wat in die harte van die mense ingegraveer is, en die geskrewe wet van Moses. Die wet gee 'n kennis van sonde en skuld. Christus het die wet vir ons volbring.

HOOFSTUK XIII. — Die wet werk toorn en verkondig die vloek aan, die Evangelie verkondig genade en seën.

HOOFSTUK XIV. — Berou is 'n verandering van die hart van die sondaar deur die Evangelie en die Heilige Gees.

HOOFSTUK XV. — Die regverdigmaking van die gelowiges geskied alleen deur God in Christus. Dit is die vergewing van sonde en straf, en die skenking van genade en regverdig verklaring.

HOOFSTUK XVI. — Die Christelike geloof is 'n seker aanneming van die waarheid Gods en dus van God self as die hoogste goed, en veral van die goddelike belofte en van Christus. Dit is 'n vrye gawe wat God deur die Heilige Gees aan sy uitverkorenes skenk.

HOOFSTUK XVII. — Hierdie hoofstuk handel oor die kerk en sy ewige Hoof. Daar was altyd en sal altyd tot aan die einde van die dae 'n kerk wees, 'n versameling van gelowiges en gemeenskap van heiliges, wat van die wêreld vergaar is en wat die ware God in Christus dien. Hulle is die medeburgers van die huishouding van God. Net soos daar een God is, een Middelaar, een Herder van die hele kudde, een Hoof van hierdie liggaam, een Gees, een Saligmaking, een geloof, een verbond, so is daar ook een kerk wat deur al die dele van die wêreld en in alle eeue verbrei is. Hierdie kerk is in sigself nie verdeel nie, maar alleen deur die verskeidenheid van sy lede. Die kerk is strydend en triomferend. Dit is sigbaar en onsigbaar.

HOOFSTUK XVIII. — God het altyd dienare gebruik om die kerk te versamel en te regeer. Onder die Nuwe Verbond word hulle apostels, profete, evangeliste, biskoppe, presbiters, herders en leraars genoem. 'n Dienaar moet wettig deur die kerk geroep en gekies wees, moet uitmunt in heilige geleerdheid, vroomheid, redenaarskuns, versigtigheid, en onbesproke karakter. 'n Dienaar moet met gebede en oplegging van hande georden word.[5]) Die dienare moet die Evangelie verkondig, die sakramente bedien, die sielsorg en die kerklike tug behartig, en die gemeente moet in sy lewensonderhoud voorsien.

HOOFSTUK XIX. — Die twee sakramente, Doop en Avondmaal, bestaan uit die Woord, die teken en die saak wat dit uitbeeld.

HOOFSTUK XX. — Daar is slegs een Doop in die Kerk, en dit bly vir die hele lewe en is 'n voortdurende seel van onse aanneming deur God. Die Doop is die inlywing in die verbond Gods om deel te hê aan die erfenis van die kinders van God.

HOOFSTUK XXI. — Die Avondmaal is die herdenking van die voordele van die verlossing, en 'n geestelike feesviering van die gelowiges wat Christus met sy vlees en bloed vir die ewige lewe voed. Dit beteken en verseel aan ons die vergiffenis van sonde deur die dood van Christus. Hierdie nuttiging van die liggaam van Christus is

[5]) Oor die ordening van predikante en die egte Reformatoriese beskouing daaroor verwys ons na hoofstuk VII op bls. 155-190 van die voortreflike boek van dr. James L. Ainslie: The Doctrines of Ministerial Order in the Reformed Churches of the 16th and 17th Centuries. Hierdie boek het in 1940 in Edinburgh by T. & T. Clark verskyn.

geestelik. Die liggaam van Christus is in die hemel maar geestelik is Hy altyd by ons.

HOOFSTUK XXII. — Dit is wettig en reg vir alle mense om die Skrif self te lees, maar die handhawing van die godsdiens vereis gereelde openbare eredienste wat behoorlik gehou moet word, asook in die taal wat die mense verstaan.

HOOFSTUK XXIII. — Die openbare gebede in die eredienste moet in die volkstaal gedoen word. Daar moet alleen tot God gebid word en alleen deur Christus as Middelaar. Die gebede moet nie traag en lank wees nie. Die kerksang is nie onontbeerlik nie, maar wettig en wenslik.

HOOFSTUK XXIV. — Die dag van die Heer is vanaf die dae van die Apostels afgesonder om God op te dien en om op geheiligde wyse te rus. Maar dit word in die gees van die Christelike vryheid onderhou, en nie op bygelowige wyse nie. En ook is die eendag op sigself nie heiliger as die ander nie. As die gemeentes ook ander christelike feesdae onderhou, word dit goedgekeur. Maar feesdae ter ere van mense word verwerp.

Die christelike vaste bestaan in matigheid, onthouding, waaksaamheid, selftug, sodat ons die Gees makliker kan gehoorsaam.

HOOFSTUK XXV. — Aan die godsdienstige onderrig van die jeug moet die grootste sorg bestee word. Die krankes moet besoek, vertroos en gesterk word, en vir hulle moet privaat sowel as openbaar gebid word.

HOOFSTUK XXVI. — Die liggame van die gelowiges is tempels van die Heilige Gees, en sal eendag weer opstaan, en daarom moet dit op behoorlike wyse begrawe word. Vir die agterblywendes wat hulp nodig het, moet gesorg word.

Die gelowiges gaan na die dood terstond na Christus en het dus geen voorbidding van die nog lewendes nodig nie. Die ongelowiges gaan na die hel waarvan daar geen ontvlugting is nie. Die leer van die vagevuur is in stryd met die Skrif.

Die verhale van siele van afgestorwenes wat aan die nog lewendes sou verskyn, is niks anders as bespottings en bedriegerye van die duiwel nie. Die Skrif verbied om die dodes te vra.

HOOFSTUK XXVII. — Die seremoniële wet was 'n tugmeester wat na Christus gelei het.

HOOFSTUK XXVIII. — Die kerklike eiendomme moet vir die onderhouding van die openbare erediens en skole gebruik word, en mag nie vir ander sake misbruik word nie.

HOOFSTUK XXIX. — Die huwelik is 'n instelling van God. Poligamie word veroordeel. 'n Tweede huwelik is geoorloof.

HOOFSTUK XXX. — Hierdie hoofstuk, die laaste, handel oor die owerheid. Dit neem in Tweede Helvetiese konfessie die plek in

van Artikel XXXVI van die Nederlandse Geloofsbelydenis, en omdat daar oor hierdie saak nie nie altyd duidelikheid is nie, gee ons die hoofstuk in sy geheel weer. Dit lui as volg:

„Die owerheid, hoedanig dit ook al mag wees, is deur God self ingestel terwille van die vrede en rus van die mensheid; en wel so dat dit die eerste plek in die wereld moet inneem. As die owerheid 'n teenstander van die kerk is, kan hy dit baie hinder en verstoor; maar as dit 'n vriend en 'n lid van die kerk is, is dit 'n baie nuttige en vername lid daarvan; hy kan die kerk baie profytlik wees, dit help en aanhelp.

Die vernaamste plig van die burgerlike owerheid is om vrede en openbare rus te verkry en te handhaaf: en dit kan hy sonder twyfel nooit gelukkiger doen dan wanneer hy waarlik vervul is met die vrese van God en die ware godsdiens—naamlik wanneer hy volgens die voorbeeld van die heiligste konings en prinse van die volk van die Heer, die prediking van die waarheid en die suiwere en opregte geloof bevorder, en leuens en alle bygeloof met alle goddeloosheid en afgodery uitroei, en die Kerk van God verdedig. Ons leer dan ook werklik dat die sorg vir die godsdiens in die eerste plek die taak van die heilige owerheid is.

Hy moet daarom die Woord van God in sy hande hou, en toesien dat niks in stryd daarmee geleer word nie. Op dieselfde wyse moet hy die volk regeer, homself aan God toebetrou, met goeie wette, wat ooreenkomstig die Woord van God wat in sy hande is, gemaak is, en toesien dat niks strydigs daarmee geleer word nie. Hy moet die regspraak beoefen deur regverdig te oordeel: hy moet geen persoon konsidereer nie, of omkopery aanneem nie. Hy moet die weduwees, die vaderlose kinders, en die wat gekasty word, teen onreg beskerm; hy moet die onregverdiges, bedrieërs en geweldenaars bedwing, ja onderdruk. „Want hy dra die swaard nie verniet nie" (Rom. 13 vs. 4). Daarom moet hy hierdie swaard van God trek teen alle boosdoeners, muitsieke persone, diewe, moordenaars, godslasteraars, meinediges, en almal wat God beveel het om te straf of selfs dood te maak. Hy moet die hardnekkige ketters (die wat inderdaad ketters is) wat nie ophou om God majesteit te laster nie, en wat die kerk moeite gee, ja dit tenslotte vernietig, onderdruk.

En as dit nodig is om die veiligheid van die volk deur oorlog te bewaar, dan moet hy dit in die naam van God doen; met die verstande dat hy eers op alle moontlike wyse probeer vrede hou het en sy onderdane op geen ander wyse dan deur oorlog kan red nie. En as die owerheid hierdie dinge in die geloof doen, dien hy God met daardie werke wat goed is, en sal hy 'n seën van die Heer ontvang.

Ons veroordeel die Anabaptiste wat, waar hulle ontken dat 'n christenmens 'n owerheidsamp mag beklee, ook ontken dat iemand

regverdiglik deur die owerheid ter dood gebring kan word, of dat die owerheid oorlog kan maak, of dat die owerheid ede kan laat sweer, ens.

Want as God die veiligheid van sy volk wil bewerkstellig deur die owerheid aan wie dit as dit ware gegee is 'n vader van die wêreld te wees, so word aan alle onderdane beveel om hierdie weldaad van God in die owerheid te erken. Daarom moet hulle die owerheid eer en vrees as die dienaar van God; hulle moet hom liefhê en begunstig, vir hom bid as vir hulle vader; hulle moet sy regte en billike gebooie gehoorsaam. Tenslotte moet hulle belastings en skattings en alle ander soortgelyke verpligtings getrou en gewillig betaal. En as die gemeenskaplike veiligheid van die land, en geregtigheid dit vereis, en die owerheid uit noodsaaklikheid oorlog maak, moet hulle selfs hul lewe feil hê en hul bloed gee vir die verdediging van die owerheid; en dit moet in die naam van God, vrywillig, dapper en blymoedig geskied. Want hy wat homself teen die owerheid stel, verwek die toorn van God teen hom.

Daarom veroordeel ons alle veragters van owerheid, rebelle, vyande van die staat, en in een woord almal wat in die openbaar of in die geheim weier om hulle verskuldigde pligte te doen.

S. P. ENGELBRECHT.